Toetrede

Liturgie van die Lig

Here, hoe die dinge waarvoor ek vra,
deur U voorsien sal word, dit weet ek nie.
Maar dat U sál voorsien, dit glo ek,
want U het dit belowe.
U het my geleer om te bid;
dan sal U mos sekerlik ook na my gebed luister?
Here, dit is nie die verdienstelikheid van my gebed
wat my oortuig dat U sal hoor en antwoord nie,
maar die sekerheid van u trou.

Amen

Martin Luther

Woorddiens

Lesing 1: Eksodus 1:8-2:10 (1953)

8 Toe staan daar 'n nuwe koning oor Egipte op wat niks
van Josef geweet het nie.
9 Dié het aan sy volk gesê: Kyk, die volk van die kinders
van Israel is meer en magtiger as ons.
10 Kom, laat ons 'n slim plan teen hulle beraam, sodat
hulle nie kan vermeerder nie, en as ons in oorlog
geraak, hulle ook nie by ons vyande aansluit en teen
ons veg en uit die land optrek nie.
11 Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle
aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk. En
hulle het vir Farao die voorraadstede Pitom en Raämses
gebou.
12 Maar hoe meer hulle verdruk is, hoe meer het hulle
vermenigvuldig en hulle uitgebrei, sodat hulle bang
geword het vir die kinders van Israel.
13 Daarom het die Egiptenaars die kinders van Israel
met hardheid laat dien
14 en hulle lewe verbitter deur swaar werk met klei en
bakstene en deur allerhande werk in die landerye — al
dié werk wat hulle met hardheid deur hulle laat verrig
het.
15 En die koning van Egipte het met die Hebreeuse
vroedvroue — die een se naam was Sifra en die ander
se naam Pua — gespreek
16 en gesê: As julle die Hebreeuse vroue by 'n geboorte
help, moet julle na die geboortestoel kyk: as dit 'n seun
is, maak hom dood; maar is dit 'n dogter, laat haar
lewe.
17 Maar die vroedvroue het God gevrees en nie gedoen
soos die koning van Egipte aan hulle gesê het nie, maar
die seuntjies laat lewe.
18 Toe laat die koning van Egipte die vroedvroue roep,
en hy sê vir hulle: Waarom het julle dit gedoen en die
seuntjies laat lewe?
19 En die vroedvroue sê vir Farao: Die Hebreeuse vroue
is nie soos die Egiptiese nie, want hulle is sterk —
voordat die vroedvrou by hulle kom, het hulle al gebaar.
20 Maar God het aan die vroedvroue weldadigheid
bewys. En die volk het vermenigvuldig en baie magtig
geword.
21 En omdat die vroedvroue God gevrees het, het Hy
huisgesinne aan hulle geskenk.
22 Toe gee Farao aan sy hele volk bevel en sê: Al die
seuns wat gebore word, moet julle in die Nyl werp,
maar al die dogters kan julle laat lewe.

1 EN 'n man uit die huis van Levi het gegaan en 'n
dogter van Levi geneem.
2 En die vrou het swanger geword en 'n seun gebaar.
En toe sy sien dat hy mooi was, het sy hom drie
maande lank weggesteek.
3 Maar toe sy hom nie langer verborge kon hou nie, het
sy vir hom 'n mandjie van biesies geneem en dit met
lymgrond en pik bestryk; en sy het die seuntjie daarin
neergelê en dit in die riete aan die kant van die Nyl
gesit.
4 En sy suster het op 'n afstand gaan staan om te wete
te kom wat met hom sou gebeur.
5 En Farao se dogter het na die Nyl afgegaan om 'n bad
te neem, terwyl haar diensmeisies aan die kant van die
Nyl heen en weer geloop het. Toe sien sy die mandjie
tussen die riete en stuur haar slavin en laat dit haal.
6 Nadat sy dit oopgemaak het, sien sy die kind, en kyk,
dit was 'n seuntjie wat huil! En sy het hom jammer gekry
en gesê: Dit is een van die kinders van die Hebreërs.
7 Toe sê sy suster aan die dogter van Farao: Sal ek vir u
'n pleegmoeder uit die Hebreeuse vroue gaan roep, dat
sy vir u die seuntjie kan soog?
8 En Farao se dogter antwoord haar: Ja. En die
jongmeisie het geloop en die seuntjie se moeder
geroep.
9 Daarop sê Farao se dogter vir haar: Neem hierdie
seuntjie en soog hom vir my, en ek sal jou loon gee. En
die vrou het die seuntjie geneem en hom gesoog.
10 En toe die seuntjie groot geword het, bring sy hom na
Farao se dogter; en hy het haar seun geword. En sy het
hom Moses genoem en gesê: Ek het hom mos uit die
water getrek.

Broodjies vir die Pad

The Trinity was a conclusion to which the Christian Church came after a long journey through history. It was not a part of early or original Christianity. If you read Paul closely, you will find that he is not a Trinitarian!

I think what people fail to understand is that the Trinity is not a description of God, it is rather a description of the human experience of God couched in the language of 4th century, Greek-speaking Europe. We experience God as the source of life beyond any limit that the human imagination can impose on anything and we call that God "the Father." We experience God as the ultimate depth of life, deeper than our own breath and we call that dimension of life "Spirit." We experience God coming to us through the lives of others, and, for those of us who are Christians, coming to us uniquely through the life of one called Jesus of Nazareth, and we name him "Son," offspring of "the Father." Have we in this manner defined God? No, of course not. We have defined only what we believe is our experience of God.

In that sense, I have no trouble with Trinitarian language. I do not believe that I can say that God is a Trinity, for I do not think the human mind can ever define God with human words without becoming idolatrous. On the other hand I can say that I am a Trinitarian for that formula helps me to make sense of the God I experience as real and the God to whom I am drawn. (John Shelby Spong)

Ons verstaan van God, en wie God is, is nie dieselfde nie. (Anoniem)

My lecture was on the Bible; how it came into being and what it meant underneath its literal texts. **I sought to lay before them the Bible's call not to be religious, but to be whole.** (John Shelby Spong)

We swallow cultural propaganda hook, line, and sinker. We believe that sexual pleasure should be unlimited, that politics is the most important news, that poverty (not wealth) is the worst thing that could ever happen to a person, that a risky investment provides so-called security, that physical health is my right, and that whatever is technologically possible is scientifically imperative (even though it might be morally ambiguous). JwJ

Maurice Merleau-Ponty's work (which influenced Levinas and Derrida especially) returns repeatedly to the theme that thinking is always embodied in a specific person with a unique personal and social history in community with others. Each person arrives at contingent truth that is truthful for her or him in her or his finite status. Each person is unique but not alone. The other person, the community and human expression of speech bring unique persons into proximity to each other. Speech "incarnates," "uses" words to convey meaning as he or she understands it. When the other reciprocates, there is new meaning. Speech and action declare who we are at a certain time and circumstance but the speech and actions of others change the individual, too. (SacraC)

Looking back on his history, Moses – like Joseph – could see a pathway of providence that spared his life so that he might do great things for his people. Both could affirm: "God was in my life, influencing it toward the good." But, this affirmation cannot be at the expense of the well-being of other children and adults. Providence is global and sometimes successful. God's seeds of providence fall everywhere, and some grow to be great trees. Others are trampled, devoured by birds, or fail to grow due to neglect or personal choice. Still, divine providence persists in seeking justice and well-being for all creation. (PaF)

Brood vir die Pad

Alles gaan oor my, nie waar nie?

deur Wilhelm Jordaan

Soms wonder 'n mens watter bladsytjies word daagliks, wetend of onwetend, uit die politieke resepteboek van die Florentynse denker Niccoló Machiavelli (1469-1527) "gelees" om politieke magsbegeertes in Suid-Afrika te help bevredig.

Machiavelli is die aartsontwerper van politieke kommunikasie waardeur die openbare beeld van 'n regerende owerheid, of dié van 'n persoon, 'n saak of beleid opgedollie word om beter, nuttiger en oortuigender voor te kom as wat dit werklik is. Daaroor skryf hy só in sy *// Principe*:
"Dit is nie belangrik dat die prins (lees: enige maghebber of magsoeker) deugde soos erbarming, lojaliteit, opregtheid en eerlikheid in werklikheid hét nie. Wat belangriker is, is dat dit vóórkom asof hy dié deugde het. Wees gereed om te veins en te versin, want hy wat die meeste mense kan mislei, sal altyd mense vind wat toelaat dat hulle mislei word."

Dié soort regeerkunde kry gestalte in die politiek van die gevurkte tong – doelbewuste misleidings en wanvoorstellings wat gebruik word om die sluier te trek oor eiebelang, onbevoegdheid, brouwerk en korrupsie én om die skyn van doeltreffendheid en sorgsaamheid te handhaaf. Soos 'n mens dit dikwels teëkom in politieke frases soos die volgende (met "verswygde" betekenisse tussen hakies):
Ons erken daar is 'n geloofwaardigheidsgaping (Ons het gelieg); Ons stem in beginsel met julle saam (Ons is glad nie van plan om te doen wat julle vra nie); Die interne verhoudings in die party is net so sterk soos dit nog altyd was (Die lang messe lê gereed); Daar is rede vir optimisme (As jy sommige feite ignoreer); Ek is buite konteks aangehaal (ek het die "verkeerde" waarheid gepraat of ek wens ek het my mond gehou); Min mense sal deur dié maatreël geraak word (Almal sal swaar getref word); Daar is geen ander alternatief nie (Daar is baie ander alternatiewe, maar nie een van hulle pas ons nie).

Dié soort politieke regeerkunde is ingebed in 'n breër wêreldverskynsel – dit wat die Tsjeggiese skrywer Milan Kundera "imagologie" noem.

Dít kom neer op 'n kommunikasiestrategie wat op haas elke lewensterrein ingespan word. Met die doel om mense se werklikheidsbelewenis te manipuleer én te beperk tot "waarheidsvoorstellings" wat in diens staan van die een of ander belangegroep – hetsy politiek, kommersieel of kultureel.

Mense se onbetrokkenheid by lewensbelangrike sake het dikwels te doen met hul vermoede dat hulle vasgevang is in 'n reuse-web van manipulering en dat demokratiese waardes soos "volledige deursigtigheid" en die "vrye vloei van inligting" bloot 'n foefie is. Juis dán raak mense, sonder dat hulle bewus daarvan is, vatbaar vir 'n hutspot van vereenvoudigde Machiavellistiese gelofies wat algaande part en deel van die etos van die ganse gemeenskapslewe word.

Soos dit byvoorbeeld gebeur in Deon Opperman se drama *Magspel*, waarin die politieke stryd tussen Machiavelli en die De Medici-familie in die destydse Florence omgewerk word tot die "regeerkunde van die klein politiek" in die verhoudingslewe. Byvoorbeeld:
Die beste manier om mense te hanteer, is om hulle te vertel wat hulle graag wil hoor; Mense wat mekaar ten volle vertrou, soek moeilikheid; Leuens (of liewer, strategiese onwaarhede) is noodsaaklik om jou "goeie saak" te bevorder; As jy iets van iemand wil hê of verlang, is dit beter om die werklike redes te verbloem en redes te verskaf wat die ander sal reken tot sý of háár voordeel is.

Sulke gelofies maak dat mense algaande nie anders kan nie as om eiebelang en opportunisme in die klein besonderhede van die eie lewe eerste te stel en op te gaan in selfkoesterende ei(e)landjies van geluksaligheid.

Louter egoïsme word só die hoogste én enigste waarde.

Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877